"Not that I am a keen fisherman," he told Mr van Rensburg... "but I find it most relaxing to watch the fish rising at dusk."

Mr van Rensburg left Kenya to spend his years of retirement near his family, most of whom live in and near Machadodorp.

What does he think of the elder statesman of Kenya?

"Mr Kenyatta is one of the finest statesmen of the Black African countries," he said. "I am confident that while he is President of Kenya there will never be a revolution in that country."

Mnr Jofie Joubert het vir ons 'n foto van die boksklub van Eldoret gestuur. "Ek kan ongelukkig nie al die vanne van die bokkers onthou nie," sê hy, maar met hierdie seuns en ander wat bygekom het, het ons in Kisumu, die Maanberge, Nakuru en Nairobi geboks. Ek sal graag van hierdie en van ander wat aan die klub behoort het verneem hoe dit met hulle gaan en wat hulle doen, en of dit met hulle goed gaan."

Name van seuns wat mnr Joubert wel op die foto kon uitken, is: Kobus Smith, Enslin, Jackie Kleynhans, Andries van As, Van Rensburg, Pieter Engelbrecht, Franco Pugano, Fanie Kruger, Pieter Smith. Daar is ook twee grootmense op die foto: Al Batton en die skoolhoof Mr Brundley.

Ongelukkig kan ons die foto nie plaas nie: ons het nie die middele om dit te doen nie, maar as u aan mnr Jofie Joubert wil skryf, hier is sy adres: JMG Joubert, Posbus 6745, Birchleigh, 1621.

Mnr Joubert skryf ook van 'n (kortstondige) vriendskapsklub vir Oos-Afrikaners wat skynbaar kort na die meeste van die Oos-Afrikaners se terugkeer na Suid-Afrika gestig is. Daar is 'n koerantberig, ongelukkig sonder datum. Dit lui:

"Sowat 200 Afrikaners wat uit Kenia na Suid-Afrika verhuis het, het die afgelope week in 'n hotel op Eloff vergader om die ou vriendskapsbande weer aan te wakker en vir daardie doel 'n klub te stig.

Die gewese Oos-Afrikaners — wat so ver as Belfast, Standerton, Vereeniging, Pretoria en Johannesburg al gekom het — is deur mnr Ben Murray [toegesprek] en

daarna het mnr Jofie Joubert die doel van die samekoms verduidelik.

Die Rafiki-klub is gestig met mnr Murray as president, mnr Joubert as voorsitter, en mev Betsie Luus as sekretaresse. Rafiki is 'n Swahili-woord wat "vriend" of "vriende" beteken.

Die aanwesiges het lekker oor die ou dae en die menigvuldige ondervindings in Kenia gesels en die gesellige aand is met 'n dans afgesluit.



P.O.W's P.F.

Rev. Colin Garvie writes:

For some time now I have been trying to research the Garvie family history. Five Garvie brothers settled in Kenya from 1905 to 1912. One of these, Donald Garvie, married a certain Nellie (Cornelia) Steyn. With them was Nellie's brother Stephen Steyn. The first white child to be born in Nandi was born to Donald and Nellie in 1905.

Meinertzhagen refers to the Garvies and Steyns in his Kenya Diary. According to Meinertzhagen the Steyns were related to President Steyn of the OFS. Donald and Nellie later settled in Nairobi where Donald started the first bioscope and edited a newspaper.

Would you perhaps have any further information? Are there any family connections between Nellie Steyn and yourself?

Maybe someone can help? I am lost
(P.O. Box 329, NIGEL 1490)

Hierdie artikel het in "Die Daller" van Vrydag 18 Feb 1983 verskyn.

Tant Miems Brummer is 'n bekende inwoner van Groblersdal wat op 80-jarige leeftyd nog so fiks is dat sy 'n opsigter by 'n blok woonstelle in die dorp is.

Sy glo nog haar hele lewe lank dat 'n dag nie mag verbygaan sonder dat 'n mens gewerk het nie. Die dagtaak voer sy met blymoedigheid uit en sy is oral bekend vir haar opgewektheid en lewensvreugde. So het sy altyd tyd om 'n vriendin moed in te praat of somer net op te kikker met 'n lekker geselsie. Maar hier eindig dit nie. Sy staan ook haar plek vol wanneer dit by ander sosiale bedrywighede kom. Sy het tyd om 'n stuk voor te berei vir die Bybelstudiegroep waaraan sy behoort, en word sy gevra om deel te neem aan 'n opvoering, is sy altyd gewillig. Sy het onlangs blaaië en blaaië dialoog vir 'n toneel opvoering gememoriseer. Die stuk, Emily Hobhouse, was so 'n sukses en met soveel oortuiging opgevoer deur 'n handjievol mense dat hulle gevra is om die stuk by die Administrateurswoning op te voer. Die stuk kon ongelukkig toe nie by 'n tuinparty wat hier gegee is, opgevoer word nie omdat van die spelers nie na Pretoria kon gaan nie. Van die stuk self vertel tant Miems met oorgawe en haar entoesiasme spreek daaruit. Sy kan vandag nog groot gedeeltes van die stuk onthou. "Die een toneel was so aangrypend dat ek self nie kon help om aangedaan daaroor te raak nie," vertel sy.

Voer jy vandag 'n doodgewone gesprek met haar vind jy spoedig dat jy meegesleur word deur die interessante waarmee sy haar gesprek deurspek. Uit al haar vertellinge straal haar menseliefde, haar diep vertroue in God en haar lewensvreugde, sodat 'n mens nie anders kan as om haar optimisme en die oorgawe waarmee sy lewe raak te sien nie. Wanneer dit gaan oor 'n vertelling oor 'n staaltjie uit haar lewe raak 'n mens nog verder meegesleur en kan jy jou in die geestesoog presies voorstel hoe elke karakter lyk wat beskryf word. Ook die hele omgewing waarin die omstandighede afspeel word opgetower met 'n paar woorde. Verder word die vertelling afgewissel met goeie tussenposes en 'n vermaning "Nou moet jy mooi luister" wanneer die verhaal sy hoogtepunt bereik. Nie dat so 'n vermaning enigsins nodig is nie, want teen die tyd hang haar toehoorder aan haar lippe.

Tant Miems is op 28 Julie 1903 op Middelburg gebore en is kort hierna saam met haar familie na die destydse Duits Oos-Afrika, die huidige Tanzanië. 'n Nooi Von Landsberg, is sy later in Kenia met 'n Fransman, Mnr Dugand getroud. Uit die huwelik is vier kinders gebore waarvan twee nog leef. Na haar eerste man se dood is sy met Mnr Hendrik Brummer getroud. Met die Mau Mau terreur in Kenia het sy en haar man na Groblersdal verhuis. Haar twee jongste kinders het hulle in Australië gevestig. Haar 32 jarige kleindogter woon in Engeland terwyl haar kleinseun in Duitsland woon.

FLORENCE BOUWER SKRYF

Ek wil graag ook probeer om iets te vertel. Hoewel ek nog klein was, onthou ek so iets en verder wat ek van my ouer susters gehoor het.

Laat ons begin by die Groot Trek van Suid-Afrika na Oos-Afrika in die jaar 1908. In 1907, na die Tweede Vryheidsoorlog verby was, is daar baie gerugte gehoor van die nuwe land Oos-Afrika. Toe het van die ouer mense na die land gaan kyk en na hul terugkoms word daar besluit om te trek.

Die grootste trek was die van Rensburg trek. So ver ek kan onthou was daar sewentig families. My vader, George Emslie, moeder en sewe kinders asook baie ander bekende families - Jordaan; Roets; van der Merwe; Smit; Steyn; Davies.

Oom Frikkie Smit sê daar was verskeie families wat op die 19de Junie van die plaas Vogelfontein vertrek het na Machadadorp om daar die trein te haal na Delgoabaai. Die waens en perde moes vooruit gaan om gelaai te word op die boot "Windhoek". Die boot het die 2de Julie vertrek en die 13de Julie met sy groot wag by Mombasa geland. Die 15de Julie word alles op die trein gelaai op weg Nakuru toe. Ja, die mense het seker met dieselfde trein gery en het op die 17de Julie by Nakuru aangekom.

Maar nou moet ek eers vertel van die twee tentwaens wat nie onder in die laaizone van die boot kon inpas nie. Hulle moes toe op die dek staan. 'n Paar van die jong mans het in die waens gebly. So teen die aand, 'n paar uur na die vertrek in die blou waters in, het 'n paar van hulle begin seesiek word - nie iets om te aanskou nie, maar die ou Windhoek het hom nie daaroor bekommer nie, en sy koers gegaan al verder die diep blou waters in.

Op Nakuru was daar toe 'n mnr. Frans Arnodi wat die mense plek vir hul osse en staanplek gegee het. Die plaas se naam was Menengai, 'n krater berg. Hy neem toe ook mense na hom en bied aan om hulle te help.

Tot daar het dit goed gegaan, maar toe begin die reën, en in daardie wêreld kon dit lekker reën. Die trekkersgees was nog nie bevredig nie en hulle wil verder Noord na die Uasin Gishu. Soontoe was daar eers nie 'n spoorweg nie en daar word besluit om eers 'n kommissie uit te stuur om te gaan kyk. Die trekkers moes maar met wa en osse verder gaan sonder 'n pad. Toe moes hulle maar pad maak deur die bosse en waterstrome wat kort, kort voorkom.

Toe die kommissie op Eldama Ravine kom, en na die nag se rus, besig was om op te pak, kom daar 'n swart man by hulle en sê, "Bwana mimi nataka kazi", wat beteken, "Baas ek wil werk hê. Hulle sê vir hom, "Nee, ons het net die een kassie en kan dit nie vir jou gee nie". Dit was toe 'n groot taak om Swahili te leer praat.

Die 14de September 1908 staan die waens klaar, alles gereed, maar nou kom die moeilikheid; om met ongeleerde osse die swaar waens te laat trek. Dit gaan en dit bly staan, maar daardie stoere boere weet om plan te maak en almal help mekaar.

Ek onthou 'n uittreksel uit 'n brief van Oom Frikkie Smit. Hy het geskryf, "Daar was liefde". Ek het al so baie gewonder waar daardie liefde in die bosse verdwyn het.

Toe die waens die Rongai Rivier nader was dit aan weerskante toegestaan deur Masai moranis. Hulle was gewapen met assegaie en lang messe, maar hulle doel was vrede. Hulle verwonder hulle aan die wit mense en ook aan hoe die osse die swaar waens trek.

Van Eldama Ravine het die padoopmakery begin deur die Swarthout bos. Dit was soos 'n nagmerrie, want hoe op aarde gaan die trekkers daar deurkom. Maar die Afrikaner was op trek - wat kon hom keer? Die een bring 'n byl, en die ander 'n pik of graaf, want daar moet pad gemaak word.

Eindelik op 19de Oktober 1908, trek die waens laer by Rocidrif, waar mnr. Tom Davies agterbly. Die 20ste gaan die manne almal uit om 'n plasie te bekom. Oom Jan van Rensburg het eerste keuse gehad. Die 21ste trek elkeen na die plekkie wat hy uitgesoek het. Mnr Jaap Steyn het alleen verder getrek na die doringveld by Soy en die plaas die naam gegee van "Woestalleen". Hy is na 'n kort tyd daar aan koers oorlede.

My Pa het grond langs 'n rivier gekry en hoër op langs dieselfde spruit het oom Abel Erasmus Snr, pa van Abel en Frikkie, gaan bly. Ek sien die plek nog mooi voor my oë. Ons kon na mekaar loop om te gaan kuier. By 'n groot boom het ons oor die rivier gegaan op sy dik wortels wat van die een wal na die ander gegroei het. Dit was die groot ou Waterbessiebome wat oral langs die rivier gegroei het. As kinders het ons baie van die bessies geëet - sulke groot bloupers trosse vrugte.

Op die draai van die rivier het my pa 'n damwal gemaak van pale, klippe en soorie om water te laat opstoot in 'n sloot wat hy self al langs die hang van 'n randjie gespit het. Dit was om water nader aan die huis te kry sodat daar kon tuin gemaak word. Daar is toe eers 'n hartbeeshuisie van pale en soorie met 'n grasdak gebou. Die stoep pale was sulke krom paaltjies. Ons het lekker daar gebly. My pa het later 'n kliphuis gebou wat moontlik vandag nog staan.

Toe ons in Oos-Afrika gekom het, was dit woens en leeg, buiten vir al die wild en leus en sulke goed. Die veld was begroei met lang soet steekgras. Die bosse was vol wilde diere - leus, luiperds, wilde honde, vlakvarke, baie hartbeeste, kwaggas, wolwe en oorbiëtjies. Die oorbiëtjie was gesogte vleis vir die tafel. So 'n opgestopte boutjie met varkspek en gebrui in die oond - ai dit was lekker.

Dan was daar ook rietbokke en bosbokke. Die bosbok was 'n skelm dier. Hy het gekom in die nag na die groentetuine en groen boontjieblare was vir hom lekker. Die boere moes hulle landerye bewaak teen al die wilde goed. Die wild was mos gewoond om te loop en wei waar hulle wou, en toe skielik is hulle weggedryf.

Ek sal nooit een aand vergeet nie toe ons nog in die hartbeeshuisie gebly het. Nog vroeg die aand hoor ons die ou groot leeu brul-brul aankom uit die Elgeyo Reserwe al padlangs. Ons was bang. Pa was weg om werkies te doen vir ander mense. Net my Ma en die meisiekinders asook my broer Boet, wat ook nog maar jonk was, was tuis. Nogtans moes ons sorg vir die koei en kalfie en die enigste plek was in die kombuis. Buite het ons 'n safarilamp gehang, want leeus is glo bang vir lamplig of vuur met vlamme. Volgende oggend was die ou groot spore duidelik te sien in die pad 'n paar tree van die huis.

Intussen moes ons skooltoe gaan by Broederstroom. Ek meen die grond was deur Oom Flip Malan geskenk vir die skoolgeboutjie, asook 'n klein pastorie, en ook 'n koshuis wat vandag nog daar staan. Die skoolgebou dien nou as opleidingskool vir die naturelle.

'n Hollandse sendinggenootskap onder leiding van ds. Tichelaar het die skool begin. Dit was eers genoem die Bwana Loubser Sending. Nou ja, daar het ons eerste onderwys ontvang deur ds. MP Loubser se toewyding. Mnr Bokkie von Maltitz was maar die ou staatmaker en het vir baie jare diens gelewer.

Ons was 'n hele paar kinders wat die afstand skool toe en terug moes loop. Ons bure, oom Jurie en tant Annie Potgieter, se kinders het ook saamgegaan. Daar was Anna, al 'n groot meisie, Gert, Aap en Jurgens. Vir 'n ruk het my een suster, Hester, Boet, Karel en ek so skooltoe gegaan. Na 'n tyd het Oom Jurie hulle getrek en Karel en ek was toe die enigste twee oor.

Daardie skoolgebou was die bymekaarkomplek vir Nagmaal, eredienste, debatsvereniging en konserte. Met die geleentheid is daar altyd 'n stellasië gemaak van hout met 'n seil oorgespan, en glo my, dit was goeie en aangename dae. Ons was soos een groot familie en almal het dit bygewoon. Mense het gekom vanaf Sergoit - Oom Piet en Tannie Poppie Jordaan. Tant Freda van Heerden (toe was sy nog "Miss Keese") het die ou traporreltjie gespeel as begeleiding. Na die dienste het ons bymekaargekom en Halclujaliedere gesing.

Nou gaan ons eers 'n bietjie terug in die geskiedenis. By Nakuru, net toe die trekkers wou verder gaan, kom ds. JM Louw daar aan as die eerste predikant. Toe moes daar eers kerk gebou word onder paie met bokseile daarvoor gespan, soos 'n "Tabernakel". Daar is die eerste gemeente gestig, kinders gedoop en kerkraadslede gekies in Augustus 1908.

Op 14 September begin die trek verder noord na die Uasin Gishu. Daar was hartebeeste, kwaggas, vogelstruise en ander soorte wild so ver die oog kon sien. Dit was waarlik 'n natuurparadys om die groot vlaktes te sien met die veldblomme en bont wildsoorte deurmekaar.

Maar nou moes daar gewerk word. Daar moes gebou word en lande gemaak word. Op 5 November het hulle die hand aan die ploeg geslaan om stukkie braakgrond om te keer. Daar moet kos geplant word; dit was nommer een. Daar was 'n soort meel te koop wat nie lekker was nie, maar dit was kos en mens was maar te bly om dit te kry. Vet, suiker en brood, alles was skaars. Die ploeg was die Gansnek ploeg. Die skaar was van potyster gemaak en as dit 'n klippie raak was dit af, en dan moes dit eers na oom Abel Erasmus Snr. geneem word sodat hy 'n ysterpunt kon aansit. Dan gaan die ploëry weer aan totdat dit weer breek. Naderhand kom die "Rail blue ploeg" met sy yster skare, maar die ding was te lig vir die rooi grond en loop op sy neus. Jou arme hande, die velle gaan af, maar dit ploeg. Na net 'n maand toe plant ons koring, hawer en mielies.

Ons het genoeg kos gehad vir 'n jaar, maar intussen het voorraad en dinge opgeraak. Dan maak 'n paar maats saam en gaan met een wa na Nakuru, 'n tog van 100 myl. As geld nodig was moes hulle na Nairobi gaan waar die naaste bank was. Dit was ook nie so maklik nie want die pad was rof en nat. Later het die pad na Londiani gekom en dit is hier waar die bitterste sweet van die Afrikaner geval het.

By Timboroa was die Bamboesbos, die Rooisee, die Plankvloerbos en die vaal vlakte van Londiani. Jy moes daar in en weer daar uit en die ou trekpad deur die bos was baie sleg. Eendag toe die boere wou raadhou hoe om deur te kom, kom oom Flip Malan en sê "Kêrels neuk maar in." Die naam Suikervlei kom van 'n vrag suiker wat mnr. Jan de Waal op 'n skotskar gehad het. Skielik spring die kar wiel oor 'n klippie en die suiker waarvoor hy tog so ver gekom het, val in die water, en dit is vandag nog Suikervlei.

Net so met Wolwespruit. As mens daar slaap, kom oom Wolf mos kos soek. Hy trek die rieme wat aan die osse se koppe kom af, of eet die stroppe en trensrieme. Met tyd het dit beter gegaan, maar dit is waarom dit Wolwespruit genoem word.

Toe die mense in die Uasin Gishu kom, was daar nie 'n Distrik Kommissaris nie; net die Landmeter, Mnr Schofield was in die geweste.

Die eerste Goewermentsmense en die eerste Distrik Kommissaris wat gekom het, is op plaas 84 op die Nandi grens gestasioneer met 'n konstabel by die Sergoitmeer waar die spuitkrale was. Dan was daar nog 'n mnr. Camp op Eldoret. Daarna het mnr. Micky Eywaz ons slagter van Eldoret gekom. Ek onthou mnr. Smith en Mundell van

Eldoret. Hulle het 'n winkeltjie van hout en klei gebou. Die het terselfdertyd as Poskantoor, Winkel en Bank gedien. Dit het sake 'n bietjie makliker vir die Voortrekkers gemaak. Mnr. Kirk van Kitale het 'n winkel by Sergoit geopen.

Toe gebeur daar iets wat die boere glad nie aangestaan het nie. Daar breek 'n soort siekte onder hul perde uit. Die bene swel op en word skurf en vol swere. Almal weet wat die perd vir die trekker beteken het; selfs op die plase was hulle geliefkoosde diere. Maar gelukkig was die wa en osse nog daar, en vergeet nie die slee nie. As die boere wil gaan kuier word die wa of slee of oskar ingespan.

Daar was selfs die kwaggavel waarvoor osse gespan is deur die jongklomp. Die joligheid daarmee kan elkeen hom voorstel, veral as die vel oor en om knoppe gaan en bo oor hulle koppe rol. Met tyd het die motorkarre en motorfiets gekom.

Die boere het hul meer op skape en beeste toegelê. Die eerste vyf jaar het dit baie goed gegaan, maar toe is die Ooskuskoors by en die skape vrek aan hartwater, slak en haarwurm. Toe gaan dit nie goed nie.

Terwyl mense nog almal op hul plase bly, hoor hulle een oggend dat mnr. van Breda deur die Elgeyo in die bos in sy tuin, nie ver van sy huis, vermoor is. So is die eerste voortrekker heen. Dit het bietjie onrus onder die mense veroorsaak maar dit was gou weer stil en rustig. Oom Piet en Dirk van Breda was toe nog in die lewe maar is later albei aan hartverlamming dood. Toe is nog net Oom Jan de Waal van die eerste vier voortrekkers oor.

Een middag toe ons, Karel en ek, oppad was huis toe na skool, kry ons my broer Boet langs die pad met 'n span osse voor 'n slee ingespan. Hy was besig om hulle te leer. Die son was warm en dit was droog; dus was ons maar te bly om te kon ry. Toe ons op die slee sit, steek Boet die sweep in, en die osse sit op loop. So al deur die veld gly die slee so tussen die knoppe deur. Ek was eerste af en Karel lê toe op sy rug, voete in die lug en skud op die slee. Ek het vir hom gelag, maar toe moes ons eers die boeke soek wat uitgeskud het - en ons moes maar verder huiustoe loop.

Toe ons in Oos-Afrika gekom het, was die geld Rupees genoem. Dit was "Koeliegeld". Later het die Florin ingekom. Kort daarna was dit Ponde, Shillings en Sente. Die 10 sent en 5 sent was ook maar koper met 'n ronde gaatjie in die middel. Geld het toe baie groter waarde gehad. Daar het gedurig mense van Suid-Afrika gekom om te help met die onderwys by die skool. Sover ek kan onthou was daar eerste 'n meisie, mej. Bruwer, wat daar gehelp het. Ek was toe nog maar klein, maar onthou dat sy mooi kon skilder. Sy het nie lank vertoef nie. Daarna het 'n eerwaarde Lourens en sy vrou en dogtertjie, Jeanette gekom. Eerwaarde het vir ons onderwys gegee.

Mev. Lourens was 'n begaafde vrou en kon lekker koeke bak en groot koeke versier. Hulle was vir 'n paar jaar daar nog voor die 1928 griep.

Daar was 'n ongetroude man, 'n mnr Piet Pienaar, wat met die studie- dienste gehelp het. 'n Eerwaarde Gawie Viljee het saam met Tannie Freda, toe nog "Miss Keese", by Sergoitskool gewerk. Mnr. Pienaar het met een van ons mooi meisies daar weggekom. Sy was mej. Josephine Arnoldi, dieselfde Oom Frans Arnoldi wat die mense daar by Nakuru so gehelp het, se dogter. Sy was 'n pragtige mens.

Daarna het eerwaarde Wentzel gekom, ook ongetroud, en na hom 'n mnr. Rossouw en sy vrou, Anna. Hulle was jong mense en het vir die samelewing baie gedoen; konserte gehou en toneelstukkies opgevoer. Toe kom Mnr. van Jaarsveld vanaf die Dordrechtkontrei. Ek meen hy het ook later predikant geword. Nou trek ons al daar by die jaar 1919 en verder.

In 1914 toe die Eerste Wêreldoorlog begin het, was dit maar moeilike jare. Die dag toe dit begin het, was die laaste sak fyn meelblom ook verkoop. Gelukkig is daar weer ingevoer vanaf Bombaai in Indië. Dit was lieflike meel.

Daar was 'n wildbewaarder, ene mnr. Ross. My ma het altyd vir hom beskuit gebak, so mooi opgerys en so lekker. Hy het te perd gery en altyd 'n rybroek en kamaste gedra. Karel en ek was altyd so bang vir die wildbewaarder en wanneer hy kom het ons padgegee.

My pa het by Athirivier transport gery met voorraad vir die troepe. Hy was ook maar vir lang tye weg en het net vir rukkies met vakansie gekom. Toe was dit ook maar nog primitief en daar moes nog baie gebou word. Almal het maar skouer aan die wiel gesit en hulle bes gedoen.

Ek wil nog iets uit daardie dae vertel van oom Wolf. Die voortrekkers het baie ondervindinge met hom gehad. Oom bang Hans Roets vertel dat as hy gras gesny het, en dit met sekels en al voor op die wa gesit het, was party van die gras die volgende oggend weg. Dan het wolf dit daar afgehaal en streep, streep laat val. So is ook 'n keteltjie wat hy by die vuur gesteel het, 'n paar maande later, wie weet waar opgetel. Asook 'n fluweelbroek van mnr JH Davies wat wolf blykbaar geskraap het, en weer omtrent 'n jaar later daar naby Sergoitskop half onder 'n rots gevind is. Waar hy iets kry waaraan 'n mens se hande gevat het, moontlik as gevolg van die sweetreuk, dra hy dit weg.

Ons N.G. Kerk, gebou deur oom Flip Malan en oom Albert Stieger en andere, is in 1921 ingewy. Daar is toe 'n hele klomp van ons voorgestel as lidmate. Ds. Loubser en proponent GJ van Zijl het ons gekatkiseer, en wat 'n voorreg om eerste in die nuwe kerk voorgestel te word. Daardie dae het die mense met wa en osse ingekom en

tent opgeslaan, sommige al van Donderdag en Vrydag af tot Maandagoggend. Dit was tog te aangenaam. Die vriende kuier en gesels. Die jong klomp kom by mekaar en speel of gaan stap 'n ent. Toe het ons nog tyd gehad om te kuier.

Daarna het ek my beste vriend en lewensmaat, WAC Bouwer, ontmoet. Hy was toe reeds al van 1919 in Eldoret-distrik. Daar het hy 'n mnr Lamb, wat in Regeringsdiens was, ontmoet. Mnr Lamb het toe 'n klein onbeboude plasie gehad. Hulle twee het toe saamgestaan. Lamb voorsien geld vir die opbou van die plaas en Will Bouwer bewerk die plaas.

Will Bouwer is op 9:5:1896 te Molteno in die Oostelike Kaapprovinsie gebore. Sy ouers het later na Johannesburg se wêreld getrek. Daar was vyf kinders, waarvan hy die oudste was. Hulle het daar grootgeword en hy was maar 16 jaar oud toe sy ouers oorlede is. Hy het toe by 'n boer op 'n melkplaas in Swartruggens gewerk. Toe die eerste wêreldoorlog uitbreek, het hy aangesluit by die Rhodesië Kommando en so opgereis al vegtend na Oos-Afrika.

Ons is op 9 Mei 1923, op sy verjaardag, getroud. Die oggend vroeg het ons te perd vanaf my ouers se huis gery. Ons twee perde was dieselfde kleur. My swaer, Gideon van Staden, het saam gery Eldoret toe, op 'n ligter kleur perd. Ons is by die magistraatskantoor getrou deur 'n mnr Hunter. Toe was dit nog nie geldig om in die kerk te trou nie. Fred Wahl en Sophie Malan is dieselfde dag getroud. Hulle het eers na die kerk gegaan en toe na die magistraat om dit wettig te maak. Hulle het per perdekar gery en ons het bymekaar verby gery. Hulle van die kerk af en ons na oom Steyn en tant Joey Pohl vir so 'n ruskansie by ons ou vriende. Daarna is ons weg huis toe na my nuwe tuiste. Daar het my moeder, broers en susters en oom Willie en tant Lienie van Blerk ons ontmoet en saam gekuier. Festus van Blerk was toe 'n paar maande oue baba.

Na mate die tyd en jare kom en gaan het Will met publieke werk begin. Eers met distrikspaaie wat toe moes beplan word. Na 'n hele tyd se diens by padbou, het hy by die KFA (Kenya Farmers Association) vir baie jare gewerk.

Na 'n paar jaar op die eerste plasie het ons getrek na goeie koring- grond sowat 40 myl van Eldoret af. Dit was veel hoër met 'n ander klimaat en nie ver van die ewenaar af nie. Dit was beboste gronde met baie bome - seders, geelhout en olienbome. Toe het Gert de Jager daar 'n saagmeule opgrig. Ons huis daar was van planke, bamboes en soosie tussenin, met darem 'n plankvloer ook. My oudste dogtertjie Joan was toe so ses maande oud en het net begin kruip. Die vloer was maar skurf en die planke was lig van kleur. Toe wil ek dit donker maak en gebruik toe ou afgetapte olie. Joan se knieë en beentjies het naargelyk van die aanpaksel. Na 'n tyd het daar 'n blad gevorm

en ek het waks aangesmeer, maar die vloere wou nie so mooi blink soos vloere wat met roulynolie gedokter is nie.

Daar was sulke diep klowe, en ronde bulte wat ons moes uitry as ons by ons bure wou gaan kuier of na Eldoret toe wou gaan. Wanneer dit nat was het ons baie gesukkel om die opdraendes uit te kom. Dis vooruit ry dan weer agteruit, so skuins, kruis en dwars om bo uit te kom. Wanneer dit droog was kon ons maklik uitry.

Dit was toe baie diep goeie grond en die koring het pragtig gegroei, maar na sewe jaar moes ons na 'n laer klimaat trek. Gelukkig het 'n goeie ou vriend van ons 'n plaas naby Eldoret gehad en ons kon dit by hom koop. Die plaas se naam was "Chepkoilel" wat in die naturelletaal beteken "koue water". Daar het ons vir 30 jaar geboer met gesaaides en beeste.

Toe ons die plaas naby Eldoret gekoop het kon die kinders in die oggend per oskar skool toe gaan en in die middag weer terug, en die Kerk was ook naby. Op Chepkoilel was die ou Bamboeskerkie van weleer gebou. Dit was op oom Koos Prinsloo se plaas. Die deel wat ons gekoop het, het aan een van die seuns Niklaas Prinsloo behoort, maar was lank reeds aan andere verkoop.

'n Tyd voor uhuru was Will vir 12 jaar lank lid van die Wetgewende Raad van Kenya. Hy was baie van die huis af weg terwyl die Raadsitting in Nairobi aan die gang was. Dit was vir hom baie aangenaam om die werk te doen en hy het homself nie gespaar nie. 'n Dominee wat lank 'n NG Gemeente in Kenia bedien het, het vir my 'n briefie geskrywe waarin hy sê, "Wat hy gedoen het, het hy goed gedoen en so kan meer as een wat saam met hom gewerk het, getuig."

Op 'n tyd was ons ook van die bevoorregtes om Prins Phillip en Princess Elizabeth in Kenya te ontmoet. Dit was net voor haar pa, Koning George, se dood. Will se opvolger by die KFA was Koppie Eksteen.

Dit was nie maklik om Kenia in 1962 te verlaat nie, die land waar baie van ons groot geword het en baie aangenaam saam met so baie vriende kon woon. Meeste het Suid-Afrika toe gekom. Waar ons in Kenia by die kerk en ander geleenthede mekaar so dikwels gesien het, sien ons nou selde een van daardie ou vriende, of selfs 'n familielid, want ons is wyd verspreid. Dit is tog te lekker wanneer 'n mens een van daardie ou vriende sien, want ons kan mos so lekker saam gesels oor dieselfde dinge, nie waar nie?

Met beste groete

Florence Bouwer (gebore Emslie) 15 Sept 1989.

A REPORT ON THE LANDGREBE FARMING ACTIVITIES NEAR MERU AND KILIMANJARO (1910-1940)

Georg and Hermann Landgrebe

Our father was born in Stettin, Pomerania, on the shores of the Baltic Sea, on 13 March 1882, as the son the the "Oberregierungsrat" Georg Landgrebe. He was so much in touch with the sea and navigation that his ambition drew him overseas, but he did not have any clear ideas yet as to his future. His father advised him to go to Witzenhausen, a school in Kassel specializing in tropical agriculture. He studied there from 1908 to 1910. In all subjects pertaining to the tropics he got the highest marks. The professor of the Institute got him a job as a farm assistant on a coffee plantation at Mount Kilimanjaro. The owner of the farm was Mr Petzhold, who had also studied at Witzenhausen. Mr Petzhold was going on leave to Germany to marry a girl who had also studied tropical agriculture in Rendsburg, North Germany. This school was the female counterpart of Witzenhausen.

In 1910, after passing his examination, he emigrated to the colony of German East Africa, to the district of Moshi on the slopes of Mount Kilimanjaro. It was at 1 400 metres above sea level where the love of this wonderful piece of nature started to burn in his heart, and where his ambitions as a tropical farmer were likely to be realized.

When he had finished his time as an apprentice on Mr Petzhold's farm (Mr Petzhold returned from Germany half a year later, a married man) Carl's father bought him a paradise of a farm at the Malala River, a farm which included Lake Diluki, near Arusha on the slopes of Mount Meru. The lake contained many hippos and also a tremendous number of leeches, so we could never bathe in it. From afar the water looked like an eye in the midst of the forest. The farm itself was located in a forest belt and had 17 springs. It was a real garden of Eden.


When his young bride, Antonie Rode-nacker whom he got to know while he was studying in Danzig, disembarked in 1912 in Tanga, the virgin forest inland was already cleared for 40 000 coffee trees to be planted. A grass house had been built, a kitchen house, a storehouse and huts for our labourers one kilometre from our own home. Thus the young bride came to

a well-prepared nest. From Germany she had brought her ducks, geese and chickens. These had to be fed on the ship every day, to the amusement of the passengers. The bridegroom went down to Tanga to fetch his bride personally. He was accompanied by a Masai warrior with his spear and sword, and also his servant Sabuni (Sabuni means "Soap".)

The next morning the pair celebrated their wedding in the nearby hotel, Ras Kansone, a few kilometres out of Tanga, with many new friends. After a few days rest they travelled by train to Moshi, where the railway ended in those days. They went up through the wonderful mountainous region of Usambara, through grass savanna with plenty of game on both sides of the railway. We did not have high speed trains then, so the game could cross the railway ahead of us without much danger to them. Long before their arrival the young husband showed his wife the peak of Kibo, at that time not even realizing how much of our future would be bound up with that mountain.

Because the fine reddish dust filtered through every chink into the compartments, they looked like Red Indians when they arrived. From Moshi to our estate Grebenrode 1 at the Malala River they had to ride on a donkey or walk for about 60 kilometres. The donkeys were often so obstinate that our poor Tonchen landed on the African soil, but this first safari in her life ended happily, and they

There's no better start than bacon for breakfast



there's no better bacon than —

UPLANDS



stayed the night in a boerewagon. (These wagons were named after the boer immigrants from South Africa, who used them for heavy transport.)

The name of our plantation, Grebenrode, was made up of the parts of two names: (Land)grebe and Rode(nacker). The young wife immediately took over control in the house and yard, and of course in the well-developed fruit and vegetable and flower garden. Often she also had to help in the plantation, supervising the black labour and planting coffee with her own hands. She was not in the least fussy, and no work was too dirty or too heavy for her.

As a geologist our father had his own theodolite with which he divided the plantation into 2 ha blocks (in modern terms: about 100 by 200 m). Between these blocks there were roads. The coffee was planted 3x3m in a triangle. Every 10 x 10 m, also in a triangle, the shade tree *Gravilea Robusta*, which had a very broad crown and grew naturally on our farm, was planted. This was to help protect the coffee plants.

It was a deep inner need in our father to plant forests, as he was aware of the global destruction of many forests and trees, but he never came to this stage, for the First World War broke out and our father became a volunteer for the German Schutztruppe. As long as the troops were still in the north on the Kenya border in 1916 he paid us visits, riding on horseback. (We children did not even know of this, being too young.) Three children had been born by June 1916: Georg, the eldest, Brunhild in August 1914, and Carola in June 1916. Brunhild, a war child, was named after Brunhild, the brave Amazon in the "Saga of the Nibelungen", and Carola was named after her father Carl, because no one at that stage knew whether he would ever return safely.

Our mother was only 31 at the time, and she had a difficult time ahead of her. However, she was robust and healthy and she came through it all with flying colours. The plantation expanded to 120 000 coffee trees. On top of her many duties at home, she supervised on 5 other neighbouring plantations where the men were away on duty and their wives could not cope. She managed Enke's plantation, on the other side of the Malala River, Captain Leue's plantation, and Main's plantation, and two more. All these trips she made on foot or on a donkey's back, and over the narrow river bridges when the floods came. This she did for almost five years, quite on her own, up until 1920. As the war moved further and further south, I cannot remember that she had any news of my father.

But everything changed. After the war the British broke their word that the German men would return to their farms. In August 1920 we received a letter from the British Government, telling us that we were to be deported. Soon after they supplied every farm with an ox

wagon to transport our belongings to Moshi.

With a sad heart my mother saw everything happening around her, but we children were quite happy. I remember, for instance, the trip through the overflowing Tschai River, and the water flowing just beneath the wagon planks. I was seven at the time. At night barricades were put up around the wagons for protection against lions which were roaring around the camp. In the middle of the camp a high fire burnt through the night, and there were guards too.

At Moshi we were put on long trains. These took us to Tanga where a well-prepared camp was installed near the shore. Around the camp was a barbed wire fence. For such occasions the British were scrupulously trained.

After three months we embarked on a ship which had once been German. Now it was run by Turks.

We left our home with no inkling of what lay in the future. It took us three months around the Cape to Germany, a land which was strange to us, the children, although we had often heard of it from our parents. During the voyage nobody was allowed to leave ship, not even when we had to lie in Durban for 4 weeks whilst repairs were under way. We were treated as prisoners, and that two years after the end of the war.

In Wesel in North-west Germany, at the river Ems, on a pitch dark and cold November night we disembarked. Nobody expected us. We were put under quarantine in a hospital because our sister Carola had malaria.

A few days later our father came to fetch us to our new home in Hessen, Grossen-Buseck near Giessen. There, with the help of our uncle, Wilhelm Haeraeus, he bought a flour mill with some land around it. Our father had been discharged from Egypt, where he had been a prisoner of war since 1917. At the end of 1919 he was released, and sent to Germany; not East Africa as he had been promised.

When I awoke in the night my mother was standing in the door, beside a tall man with a moustache. When he approached my bed I did not want him to come near me. His moustache irritated me. My first question to him was: "Sind Sie mein Vater?" The "Sie" in German is a formal term of address for a strange person. Even now I can still remember these words. Our mother had told us that we were coming from a wild uncivilised country into a highly civilised one, and that we had to be polite to everybody and address them as "Sie".

Some days before we left for our new home my father took me out to the snowy and cold playing ground for children. While the other children were running around

and playing I stood on one spot crying and complaining that my feet hurt. The pain got worse and it took me quite a time to realise that the pains would vanish once I started running and playing too.

Gross-Buseck was a town with a few thousand people. Here at seven years and four months I started with my first school lessons. Although we lived during a time of inflation, we had enough to eat, because of the mill and the farm. We children quickly made friends with other children, and our parents also had good friends.

But times got worse. Inflation badly impoverished us. I remember at that time that one million Marks were equal to one Mark in ordinary times. The nation was split into many parties who were more furious with each other than with any enemies outside our borders.

On a trip our father was to bid for land for an Englishman, when a German farm came under the hammer in Cameroon. But the auctioneer took all the land for himself; as we heard later he was bidding for the German Government, who gave back the land to the previous owners.

On the trip back to Germany my father firmly made up his mind to go back to Africa. There was no stopping him. In April or May 1925 we once again emigrated to East Africa, intending to manage a small farm in Kenya, where there were no immigration restrictions on Germans. This time we sailed on a Dutch ship, the "Springfontein", from Amsterdam. The trumpet choir of our village escorted us to the station with the choral "Nur ziehet hin in Frieden Eure Wege" and when we crossed the German border we sang the song: "Nur ade du mein lieb Heimatland" (Now farewell my dear homeland). We all had tears in our eyes.

Our family now consisted of seven members (a fourth child had been born at the mill — our brother Hermann.) The seventh member was our house-teacher.

On the ship there were also English children, but they were not allowed to play with us. In British eyes we were outcasts. Nevertheless, we enjoyed the trip. On the Sheldel River, on our way to the sea, I got as seasick as I have never been before or since. In the Biscay there were huge waves. Though I was eleven years old, I still remember how our ship (10 000 BRT) was on the top of a wave the one moment, and then in a deep valley the next, where it looked like a nutshell in the water. The gale was very heavy and all the crockery broke on the floor. The unbolted tables and chairs slid all over the dining room. All the passengers were seasick, except for my father and Hermann.

In the Mediterranean the sea calmed again. Eventually we entered the Suez Canal and in Port Said we stopped

for a couple of days. There we went to Simon Arzt, the big shop, where we bought clothes for the tropics and, amongst other things cork helmets, which distinguished us as foreigners. In the streets we were followed by 10 to 20 children and adults, who pestered us so much with shows of their artificial skills that we could hardly move. They even followed the ship for a while, diving in the clear water down to the seabed for coins which were thrown to them from the ship. I never saw them miss one

At Port Sudan, a dull desert village, we unloaded cargo. Then we entered the Red Sea, and eventually reached Aden in South Arabia. Then we passed Cape Gardafui on the East Peninsula of the African continent. In the Indian Ocean we saw huge swarms of flying fish coming out of the water and diving again into the sea. Some of them even flew right onto the deck of the ship.

Our ship stopped first in Dar Es Salaam (Port of Greeting), and then at Tanga, where we disembarked.

MISSING
VERLORE

MISSING
MISSING

VERLORE
MISSING

Bezuidenhout, Wynand & Violetta, Richardsbaai 3900
Brink, Mnr W A, Strandlaan 479, Fernside/Randburg 2001
Carr, Mr, 2 Riverside Park, Somerset West, 7130
Davell, Ted, 57 King Edward Str, Lombardy East, Jhb, 2192
Erasmus, Mnr A H, Posbus 30 Wonderfontein, 1101
Eustace, Josephine, 2 Zuikerberg str, Eastvale, 1559
Hopley, A J & J, P O Box 78, Penge Amorita Mine, Penge 1160
Joubert, Dr JJ, TOD, Privaatsak X76, Pretoria 0002
Joubert, Mev S E, 50 Burger str, Pietersburg 0700
Kleynhans, Mev E S, 602 Paulahof w/s, Pretoria Noord, 0182
Klopper, Mnr J A, Fransina str 250, Elifsdal, Pretoria 0084
Lingenfelder, Rosemary, Posbus 40, Faure 7131
Mans, Mev Sannie (Beyers), Privaatsak 556, Eshowe, 3815
Mouton Mev Bes St Christopher's Hostel, Posbus 67741, Bryanston 2021
Mouton, Barnie, George Bothastr 33, John Vorster Park, Ermelo 2350
Nell, Steve en Lenie, Elliot Drive 11, Eshowe, 3815
Oberholzer, Mev Dawn, 59 Cragwhite Road, Wilropark, Roodepoort 1725
Odendaal, Mnr C H G, P O box 16, Winterton 3340
Reinecke, Mev R, Posbus 3245, Ramgate, 1763
Roodt, Mev Lilly, Hippo Pools, Pk Mica, 1382
Steenkamp, Mev L, Brummerstraat 5, Ermelo, 2350
Strydom, Mev G, Posbus 112, Middelburg, 1050
Surmon, Alfie, P O Box 21025, Crystal Park, Benoni 1501
vd Westhuizen, Mev straat 55, Pretoria, 0002
van Dyk, J J, Posbus 409, Garsfontein, 0042

KWAHERI

Mev S.E. Joubert adres 21A Hans Van 1
Hopley A J is Kaaplaar Rensburg. Pietersburg
Ted Davell oorlede